# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 26

## CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

het, kan Hy die help wat versoek word.

En om ons nog meer moed te gee, sê die apostel vervolgens: Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.



Dieselfde apos[illegible]erwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heil[illegible]n te gaan deur die bloed van [illegible]. laat ons dan toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsver[illegible]heid...

En voorts: [illegible]y, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oo[illegible]ie. Daarom kan Hy oo[illegible]e red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hu[illegible] tree.

Wat kom[illegible]og kort, aangesien Christus self sê: Ek is die weg en die waarheid en die [illegible] niemand kom to[illegible]der behalwe deur my nie.

Waar[illegible]ons 'n ander voorspr[illegible]gesien dit [illegible]t om ons sy Seun as [illegible]praak te [illegible]at ons Hom ge[illegible] ander een te s[illegible]der o[illegible]rs [illegible]

# Nederlandse Geloofsbelydenis CHRISTUS ONS VOORSPRAAK Artikel: 26

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige.



1 Timoteus 2:5: Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense: die mens Christus Jesus



Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige.

1 Johannes 2:1: My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, sodat julle nie moet sondig nie; en wanneer iemand sondig, het ons Jesus Christus, die Regverdige, as Parakleet by die Vader.

Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK



Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê

Efesiërs 3:12: In Hom het ons, deur ons geloof in Hom, 'n seker en vrymoedige toegang tot God.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

Artikel: 26

Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhewenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat vir ons groter liefde het as Jesus Christus nie

Matteus 11:28: Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee.

Johannes 15:13: Groter liefde as dit het niemand nie, dat iemand sy lewe aflê vir sy vriende.

Efesiërs 3:19: ja, om die liefde van Christus te leer ken, wat alle begrip te bowe gaan, sodat julle gevul mag word met al die volheid van God.

1 Johannes 4:10: Hierin bestaan die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het, en sy Seun gestuur het as versoening vir ons sondes.

## Nederlandse Geloofsbelydenis — CHRISTUS ONS VOORSPRAAK — Artikel: 26



Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhewenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat vir ons groter liefde het as Jesus Christus nie, Hý wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en van 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het.

Filippense 2:6-8: Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.

Hebreërs 2:17: Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK



As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was?

Jeremia 2:13: “Want twee wandade het my volk gepleeg: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle opgaarputte uit te kap – gebarste opgaarputte wat nie water hou nie.

Jeremia 2:33: Hoe goed vind jy jou pad om liefde te gaan soek! Daarom kan jy ook die slegste vroue jou paaie leer!

Hosea 13:9: Dit het jou vernietig, Israel, dat jy teen My, jou Helper, is.

Johannes 10:11: Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

Romeine 5:6-10: Toe ons nog magteloos was, het Christus immers op die regte tyd vir goddeloses gesterf. 'n Mens sal nie maklik vir 'n regverdige persoon sterf nie, al sou 'n mens dalk nog die moed hê om vir so 'n goeie persoon te sterf. God bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Hoeveel te meer sal ons dan deur Hom van die oordeel gered word, noudat ons deur sy bloed geregverdig is! As ons, toe ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe verlos word noudat ons met Hom versoen is!

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK



En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit meer as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit

Markus 16:19: Nadat die Here Jesus met hulle gepraat het, is Hy in die hemel opgeneem en het aan die regterhand van God gaan sit.

Kolossense 3:1:  As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit

Hebreërs 1:3: Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van sy wese. Hy hou alles in stand deur sy magtige woord; en nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes.

Hebreërs 8:1: Die hoofsaak van wat gesê is, is dat ons só 'n Hoëpriester het: Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemele,

En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit meer as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op die aarde het?

Matteus 28:18: Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde."

Nederlandse Geloofsbelydenis

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

Artikel: 26

En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God?

Matteus 3:17: En meteens het 'n stem uit die hemele gesê: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.”

Johannes 11:42: Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek het dit gesê ter wille van die skare wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.

Efesiërs 1:6: tot lof van die heerlikheid van sy genade, waarmee Hy ons in die Geliefde begenadig het.

Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat hierdie gewoonte posgevat het om die heiliges te onteer in plaas van hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges nooit gedoen of gesoek het nie maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit ook uit hulle skrifte blyk.

Handelinge 10:26: Maar Petrus het hom opgehelp met die woorde: “Staan op, ek self is ook net 'n mens.”

Handelinge 14:15: “Mense, waarom doen julle dit? Ons is ook in alle opsigte mense, net soos julle! Ons verkondig aan julle die evangelie dat julle van hierdie nuttelose dinge moet wegdraai na die lewende God, wat die hemel en die aarde en die see en alles daarin gemaak het.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

Artikel: 26



Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus,

Jeremia 17:5: So sê die HERE: “Vervloek is die man wat op mense vertrou, wat in mense sy krag vind, maar sy hart draai van die HERE weg.

Jeremia 17:7: Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, wie se vertroue die HERE is.

Daniël 9:18: Draai u oor, my God, en hoor! Maak u oë oop en sien ons verwoeste plekke raak en ook die stad waaroor u Naam uitgeroep is! Want nie op grond van ons regverdige dade lê ons ons smeekbede voor u nie, maar op grond van u oorvloedige barmhartigheid.

Handelinge 4:12: “Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie.”

Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof.

1 Korintiërs 1:30-31: Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding. Daarom, soos daar geskryf staan: “Wie hom op iets wil beroem, moet hom beroem op die Here.”

Nederlandse Geloofsbelydenis

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

Artikel: 26

Daarom sê die apostel - wanneer hy hierdie dwase vrees of liewer gebrek aan vertroue van ons wil wegneem - dat Jesus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word·

Hebreërs 2:17-18: Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes. Want omdat Hy self gely het toe Hy versoek is, is Hy in staat om dié wat versoek word, te help.

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK



En om ons nog meer moed te gee, sê die apostel vervolgens: Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

Hebreërs 4:14-16: Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons styf vashou aan ons belydenis. Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het. Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word.



Dieselfde apostel sê: Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus... laat ons dan toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid...

Johannes 10:9: Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.

Efesiërs 2:18: Want deur Hom het ons albei toegang tot die Vader deur een Gees.

Hebreërs 9:24: Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn;

Hebreërs 10:19: Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom,

Hebreërs 10:22: Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water.

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK



En voorts: maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Romeine 8:34: Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree.

Hebreërs 7:24-25: maar omdat Hy tot in ewigheid bly, besit Hy 'n priesterskap wat nie tot 'n einde kom nie. Dit is waarom Hy ook volkome in staat is om hulle wat deur Hom na God toe kom, te verlos – omdat Hy altyd leef, om ter wille van hulle in te tree

Wat kom daar nog kort, aangesien Christus self sê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom tot die Vader behalwe deur my nie.

Johannes 14:6: Jesus sê vir hom: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Waarom sal ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander te neem of liewer om 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar,

Psalm 44:21: As ons die Naam van ons God vergeet het, ons hande na 'n vreemde god uitgestrek het,

Hebreërs 13:15: Laat ons dan deur Hom voortdurend 'n lofoffer aan God bring – dit is die vrug van lippe wat sy Naam saam bely.

# Nederlandse Geloofsbelydenis — CHRISTUS ONS VOORSPRAAK — Artikel: 26



Waarom sal ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander te neem of liewer om 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit in die gebed van die Here geleer word;

Matteus 6:9-13: "Só moet julle dan bid: "Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word. Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En vergeef ons ons skulde, soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan. En bring ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Lukas 11:2-4: Hy het vir hulle gesê: "Wanneer julle bid, moet julle sê, " 'Vader, laat u Naam geheilig word. Laat u koninkryk kom. Gee ons elke dag ons daaglikse brood en vergeef ons ons sondes; want ook ons vergeef elkeen wat teenoor ons skuldig staan. En bring ons nie in versoeking nie.' "

# CHRISTUS ONS VOORSPRAAK



Waarom sal ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander te neem of liewer om 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit in die gebed van die Here geleer word; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word.

Johannes 14:13: En wat julle in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik mag word.

Johannes 16:23: En op daardie dag sal julle My niks meer vra nie. Amen, amen, Ek sê vir julle: Wat julle die Vader in my Naam vra, sal Hy aan julle gee.

# Nederlandse Geloofsbelydenis — CHRISTUS ONS VOORSPRAAK — Artikel: 26

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar[1] en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige[2].

Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê[3], anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhewenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat vir ons groter liefde het as Jesus Christus nie[4], Hý wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en van 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het[5].

As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was? [6]

En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit meer as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit[7] en alle mag in die hemel en op die aarde het? [8]

En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God? [9]

Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat hierdie gewoonte posgevat het om die heiliges te onteer in plaas van hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges nooit gedoen of gesoek het nie maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit ook uit hulle skrifte blyk[10].

Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus[11], want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof[12].

Daarom sê die apostel - wanneer hy hierdie dwase vrees of liewer gebrek aan vertroue van ons wil wegneem - dat Jesus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word[13].

En om ons nog meer moed te gee, sê die apostel vervolgens: Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word [14]

Dieselfde apostel sê: Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus... laat ons dan toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid... [15]

En voorts: maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree[16].

Wat kom daar nog kort, aangesien Christus self sê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe: niemand kom tot die Vader behalwe deur my nie[17]

Waarom sal ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander te neem of liewer om 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar[18], soos dit in die gebed van die Here geleer word[19]; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word[20].

1 1 Timoteus 2:5
2 1 Johannes 2:1
3 Efesiërs 3:12
4 Matteus 11:28; Johannes 15:13; Efesiërs 3:19; 1 Johannes 4:10
5 Filippense 2:6-8; Hebreërs 2:17
6 Jeremia 2:13; Jeremia 2:33; Hosea 13:9; Johannes 10:11; Romeine 5:6-10
7 Markus 16:19; Kolossense 3:1; Hebreërs 1:3; Hebreërs 8:1
8 Matteus 28:18
9 Matteus 3:17; Johannes 11:42; Efesiërs 1:6
10 Handelinge 10:26; Handelinge 14:15
11 Jeremia 17:5; Jeremia 17:7; Daniël 9:18; Handelinge 4:12
12 1 Korintiërs 1:30-31
13 Hebreërs 2:17-18
14 Hebreërs 4:14-16
15 Johannes 10:9; Efesiërs 2:18; Hebreërs 9:24; Hebreërs 10:19; Hebreërs 10:22
16 Romeine 8:34; Hebreërs 7:24-25
17 Johannes 14:6
18 Psalm 44:21, Hebreërs 13:15
19 Matteus 6:9-13; Lukas 11:2-4
20 Johannes 14:13; Johannes 16:23